# KINDERKERK LES: Woord Studie – Geregtigheid

**Doel van les:**

In hierdie les gesels ons oor die moeilike woord GEREGTIGHEID wat ons in die Bybel van lees.

**Ysbreker** : Gee vir elke groep 'n bakkie met water, waspoeier, handdoek en 'n lappie met kolle op wat nie kan uitwas nie. Die leiers moet dat elke kind in die groepie 'n beurt kry om die kolle te probeer uitwas.

**Vra:** Kon julle die lappie skoon kry?

**Sê:** Net soos die vuil lappie, is ons harte vuil van al die verkeerde dinge wat ons doen. Ons kan so hard as ons wil probeer, maar ons sal nooit self ons hartjies kan skoon was nie.

Ons gaan vandag oor 'n baie groot woord praat. Dalk die grootste woord wat ons nog gehoor het van die moeilike woorde in die Bybel. Die woord is geregtigheid. Kom ons gesels bietjie meer daaroor. Dink julle dit het dalk iets te doen met wasgoed was?

Kry 'n klompie kruisies sodat jy vir elke groep een kan gee. Vra vir die kinders wat dit is en laat hulle aan die kruis voel en dan aangee na die volgende een in die groep. Dis natuurlik 'n kruis ja. Kom ek vertel julle waarvoor kruise gebruik is. In die Bybel se tyd is mense wat baie slegte dinge gedoen het aan kruise gehang. Dit was 'n verskriklike manier om gestraf te word. Hierdie mense wat slegte dinge gedoen het (skuldiges), moes 'n groot, swaar kruis na die plek dra waar hulle gehang sou word. Almal wat hulle gesien het, het geweet dat hulle iets baie sleg gedoen het. Die slegte manne (skuldiges) het dan natuurlik ook baie skaam gevoel omdat almal so na hulle kyk en weet hulle het slegte dinge gedoen waarvoor hulle gestaf word.

Hoekom dink julle is die kruis belangrik vir ons as Christene? (Jesus het aan 'n kruis gesterf)

Was Jesus 'n slegte Persoon? Het Hy slegte dinge gedoen? (Nee en nee)

Jesus het nie verdien om aan die kruis te sterf nie, want Hy het nog nooit sonde gedoen nie. Hy is perfek, met geen lelike sondes nie.

Kom ons praat gou oor sonde voor ons verder gaan. Antwoord gou die vragies in julle groepe:

- Wat is sonde? En hoe sien jy dit in die wêreld om jou?

Kry terugvoering.

DEMONSTRASIE: - `n Demostrasie word gedoen om die effek van sonde in ons verhouding met God te demonstreer en hoe Jesus se dood aan die kruis ons sondes bedek.

- Iemand trek 'n wit t-hemp aan – sê: God het die wêreld en alles daarin perfek gemaak. - Hy het ons as mens perfek gemaak, sodat ons vriende met Hom kan wees, skoon en mooi soos hierdie wit t-hemp.

- Nou word daar allerhande souse op die t-hemp gesmeer om dit vuil te maak – Maar toe kom satan en ons almal weet wat met Adam en Eva gebeur het. Ons as mens het sonde begin doen en sonde het tussen ons en God kom staan sodat ons nie naby aan God kan kom nie.

- Iemand word dan gevra om die persoon 'n drukkie te kom gee – wat hy/sy natuurlik nie wil doen nie, want die t-hemp is vuil. God wil nie wees daar waar sonde is nie, want Hy is sonder sonde. God haat die sondes wat ons doen, maar Hy is baie lief vir ons. So God het 'n plan gemaak sodat ons weer naby aan Hom kan leef. Wat kan die plan wees?

Efesiërs is 'n boek in die Bybel en hoofstuk 2 vers 13 gee vir ons 'n mooi antwoord: **Maar nou is julle een met Christus Jesus, julle wat vroeër ver van God gelewe het, het nou naby gekom deur die bloed van Jesus.**

Kom ons sê die versie saam: Lees die versies en maak dan bewegings soos jy lees wat die kinders saam moet doen.

Maar nou (wys met twee hande ondertoe vir nou) is julle (wys na almal in vertrek) een met Christus Jesus, ( wys 'n 1 met vinger en maak dan kruis met arms) julle (wys weer na almal in vertrek) wat vroeër ver van God gelewe het, (stap agtertoe asof wegbeweeg en wys boontoe vir God) het nou naby gekom (stap weer terug en bietjie nader aan kinders) deur die bloed van Jesus. (wys weer kruis)

Die vers kan nog 'n paar maal herhaal word met die bewegings sodat die kinders lekker saam kan deelneem noudat hulle die bewegings gesien het.

Kom ek wys julle ook nou sommer wat die versie beteken en hoe dit geregtigheid verduidelik.

- Die persoon word 'n skoon t-hemp gegee om aan te trek.

- God het sy enigste Seun as mens aarde toe gestuur om vir ons sonde te kom sterf. Jesus het aan die kruis gesterf IN ONS plek. Ja, ons moes eintlik aan daai kruis gesterf het. Jesus het jou en my sonde geneem en die skuld daarvoor gevat.

- Jesus het gesterwe en na drie dae opgestaan, sodat elkeen van ons eendag by God, Jesus en die Heilige Gees in die hemel kan bly. Wanneer ons om verskoning vra vir die sondes wat ons gedoen het, was Jesus ons hartjies skoon en kan ons weer naby aan God leef en Hom leer ken. Ons is dan REG MET GOD, want ons het Jesus – wat sonder sonde is - se geregtigheid aan. God sien nie meer ons sondes nie, maar Jesus se geregtigheid wat ons toemaak en ons is nou God se kinders.

Is dit nie net wow nie? Maar wat moet ons nou verder doen?

**Aktiwiteit: Mnr/Mrs Snake**

Begin deur al die kinders aan die een kant van die vertrek te laat staan, met jou wat aan die ander kant van die vertrek staan. Jy staan bekend as Mnr/Mev Slang. Die kinders staan agter

'n lyn wat die "veilige deel" is.  Die kinders moet verby die veilige lyn beweeg na Mnr/Mev Slang toe. Die leiers gaan catchers wees.  Die kinders moet roep Mnr/Mev Slang wat doen jy vandag? Mnr/Mev Slang sal dan iets antwoord wat of goed of sleg is.  Wanneer dit sleg is, moet die kinders terug hardloop tot agter die veilige lyn sonder dat die catchers hulle vang.  As dit iets goed is, kan hulle aanhou beweeg en weer die vraag herhaal.

Wanneer ons vir Jesus kies en nie die wêreld nie, is ons nou **REG** met God.  Ons is skoon van sonde.  Nou moet ons aanhou reg leef en wegdraai van verkeerde dinge.

Kom ons bid saam dat Jesus ons sal help om te doen wat reg is en te leef soos Hy wil hê.

Sluit af in die groepe met gebed.